Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woensdag, 17 Augustus 1949 Prys 3d. No. 39

# Britte Geskok Deur Wes-Duitse Verkiesing

**Die eerste Duitse verkiesing sedert die oorlog het Sondag in Wes-Duitsland plaasgevind, en hoewel die finale syfers nog nie beskikbaar was by ons ter perse gaan nie, was dit duidelik dat dit uitgeloop het op 'n kragtige demonstrasie teen die Westerse besetters, en veral Brittanje.**

'n Groot aantal kiesers het buite stemming gebly, en selfs van die wat gestem het, het groot getalle hul stembriefies bederf ooreenkomstig 'n oproep van een van die regse groepe wat nie wetlike erkenning erlang het nie. Tot soveel as 5 persent van die stembriefies is in sommige kiesafdelings bederf. **Maar van Britse kant word openlik erken dat waar die partye geesdrif opgeklop het, dit alleen moontlik was deur gebruikmaking van sterk anti-Geallieerde taal, wat veral gemik was teen die aftakeling van Duitse nywerhede.**

'n Kenmerk van die verkiesing was die kragontplooiing van nasionaalgesinde partye wat dit moeilik gevind het om amptelike erkenning van die besetters te verkry.

### ERGER AS VERWAG

Veral aan Britse kant word daar dan ook besorgdheid uitgespreek oor die herlewing van Duitse nasionalisme wat in sommige gevalle aan Nazisme grens. Berig word dat die anti-Geallieerde gevoel alle verwagtings oortref het. Dit het veral gegaan teen die aftakeling van Duitse nywerhede en die Potsdam-ooreenkoms. **In laasgenoemde geval is daarop gewys dat die Geallieerdes baie maklik met die Russe ooreengekom het in Potsdam toe daar oor die vernietiging van Duitsland besluit is, maar dat hulle met die heropbou tot geen ooreenkoms meer kon raak nie.**

Daar is openlik verklaar dat die partye alleen geesdrif vir die verkiesing kon opklits deur sterk anti-Geallieerde uitlatings te doen, sodat selfs die uitgebragte stemme as 'n demonstrasie teen die besetters beskou moet word.

## Werkloosheid In Duitsland Neem Toe

Werkloosheid is vinnig besig om te styg in die Westerse besettingsgebied, berig ons korrespondent uit Duitsland. Volgens 'n aankondiging van die departement van arbeid in die Amerikaanse en Britse gebied het die werkloosheidsyfer in die eerste veertien dae van Julie toegeneem met 25,000 sodat die getal werkloses nou op 1,264,262 te staan kom. Ook in die Franse besettingsdeel is reeds ongeveer 3 persent van die broodwinners werkloos.

Dit is veral die leer-, hout- en metaalnywerhede wat ly.

# Bewyse Teen Russiese Konsulaat Sterker As Ontkennings

## Ondervinding In Kanada

**„Daar is nou bo alle twyfel deur die Suid-Afrikaanse speurdiens vasgestel dat die Sowjet-konsulaat in die Unie die middelpunt is van wydvertakte kommunistiese propaganda dwarsdeur Afrika," lui 'n spesiale berig in Die Vaderland.**

**Die Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart, het onlangs 'n spesiale afdeling speurders afgesonder om ondersoek in te stel na die bedrywighede van die Russiese konsulaat in die Unie. Daar is veral nagegaan of hulle kommunistiese propaganda versprei.**

**Die speurders het nou verslag gedoen by die Minister en na Die Vaderland in Johannesburg op die beste gesag verneem het, is hulle bevindinge onrusbarend.**

Daar is, na verneem word, bevind dat een van die Russiese diplomatieke verteenwoordigers die afgelope paar jaar reeds gereeld belangrike Kommunistiese vergaderings onder naturelle in Suidelike Afrika bygewoon het ten einde hom op die hoogte te stel van die ontvanklikheid van die naturellegemoed vir hulle propaganda en die mate waarin hulle reeds vir die „Rooi" saak gewen is.

Wat die saak egter in 'n veel ernstiger lig stel is die feit dat dit glo juis hierdie diplomatieke verteenwoordiger is wat onlangs teruggekeer het na Rusland.

Die vermoede bestaan dat hy met belangrike inligting in sy tassie na Moskou is.

Dit is nie uitgesluit dat die saak binnekort dalk op 'n Kabinetsvergadering ter sprake gebring sal word nie en dat min. Swart die land dan daarna in sy vertroue sal neem nie.

### ONTKENNING

Die Sunday Times ontken geheel en al die waarheid van Die Vaderland se berig. Die blad skryf: „'n Berig in 'n Johannesburgse Afrikaanse nuusblad dat die Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart, onlangs 'n spesiale afdeling speurders afgesonder het om ondersoek in te stel na die bedrywighede van die Russiese konsulaat in die Unie, is onwaar. Die berig word ontken deur die polisie en die departement van justisie." Die blad sê dat daar geen grond is vir die bewering dat die Russiese konsulaat die middelpunt van wydvertakte kommunistiese propaganda in die Unie is nie.

### SOWJET-AMPTENAAR SE GETUIENIS

Na aanleiding van hierdie botsende berigte is dit interessant om te let op sommige van die bevindinge vervat in die Verslag van die Koninklike Kommissie wat op 5 Februarie 1946 deur die Kanadese regering aangestel is „om ondersoek in te stel na die feite wat betrekking het op, en die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die verskaffing van geheime en vertrouelike informasie, deur staatsamptenare of ander persone in vertrouensampte aan spioene van 'n vreemde moondheid."

Die verslag is op 27 Junie 1946 uitgebring en lui onder meer:

„Daar bestaan in Kanada 'n Vyfde Kolonne wat georganiseer en beheer word deur Russiese agente in Kanada en Rusland.

„Hierdie Vyfde Kolonne bestaan uit verskillende binnekringe of spioenasie-afdelings.

### DIPLOMATIEKE PERSONEEL

**„Staflede van die Russiese konsulaat in Ottowa wat aktief deelgeneem het aan ontoelaatbare spioenasie-bedrywighede is die volgende: Vitali G. Pavlov (onder-sekretaris van die konsulaat); kol. Zabotin (militêre attachè); Ivan I. Krotov (handelsadviseur); Lt.-kol. Motinov (assistent-militêre attachè); Lt.-kol. Rogov (assistent-militêre attachè vir die lugmag); Sergei Kondriartzev (sekretaris van die konsulaat); Majon Sokolov (op die staf van die handelsadviseur); mev. Sokolov (eggenote van majoor Sokolov); Zheveinov korrespondent vir Tass-nuusagentskap); majoor Romanov (sekretaris van die militêre attachè); Luit. Angelov (op die staf van die militêre attachè); Luit. Levin (tolk); Kaptein Galkin (deurwag); Luit. Gouseer (deurwag); Kaptein Gowshkov (motorbestuurder); Luit. Konlakoff (klerk); en A. N. Farafontov (klerk)."**

### HOOFKWARTIER

**Hierdie Kanadese regeringskommissie het bo alle twyfel vasgestel dat die Kommuniste die Russiese konsulaat in Kanada gebruik het as die hoofkwartier van 'n wydvertakte spioenasie-organisasie. In die lig van hierdie onrusbarende onthulling is meer as blote ontkennings nodig om die „onskuld" van die Russiese konsulaat in die Unie te bewys.**

# REEKS FUNKSIES IN VOORUITSIG

**Die kommando's van hoofgeneraalskap A1—2 sal Maandagaand, 22 Augustus, om 8 nm. in die Ebenezer-saal, Maitland, soos gebruiklik die fondse wat ingesamel is op 8 Augustus formeel oorhandig. Hoofgenl. J. de Vos sal die verrigtinge lei en die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, sowel as die voorsitter van die grootraad prof D. J. van Rooy, sal as sprekers optree.**

* * *

Op Donderadg 25 Augustus sal dr. van Rensburg die Fondsdagfunksie op Clanwilliam bywoon en die openingswoord spreek.

* * *

Genl. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier van die O·B., besoek Uniondale op 20 Augustus wanneer die kommando's aldaar Fondsdag hou.

* * *

Waggeneraal Max Smuts spreek op 20 Augustus die kommando's van Montagu toe by geleentheid van hul Fondsinsameling.

* * *

Op Saterdag, 3 September, hou die Caledon-kommando's Fondsdag op die plaas Hammansdal van komdt. Faan Delport. Om 3 nm. sal dr. Erika Theron, Gebiedsvrou van Wes-Kaapland, die funksie open en in die aand, na bediening van etes, sal prof. Dirk van Rooy, voorsitter van die Grootraad, die aanwesiges toespreek.

* * *


Die Rawsonville-kommando's gaan Fondsdag vier op Saterdag, 10 September, op die plaas Houmoed van mnr. Koos de Wet. By die geleentheid sal die voorsitter van die Grootraad, prof. Dirk van Rooy, as spreker optree.

# RUSSE HOU DALK OOK VERKIESING

**Gerugte doen die ronde dat die Russe in die volgende paar weke tot dat die so pas verkose Wes-Duitse parlement op 7 September saamgestel word, gewigtige politieke besluite mag neem, berig ons korrespondent uit Duitsland.**

Daar word vermoed dat hulle die Wes-Duitse verkiesingsuitslag gaan gebruik om 'n nuwe verkiesing vir die „volksraad" in Sowjet-Duitsland uit te skryf, indien hulle die uitslag daarvoor gunstig genoeg ag. In Mei hierdie jaar het die Russe slegs 7 miljoen ja-stemme van die 12 miljoen stemgeregtigdes ontvang vir hul kandidate. Dit is as 'n ernstige weerstand teen die Russiese stelsel vertolk.

Hoewel die Russe bewus was dat die meerderheid van die kiesers in Wes-Duitsland ten gunste van 'n parlementêre demokrasie in Westerse sin sou stem, het hulle verwag dat 'n groot aantal kiesers buite stemsou bly. In daardie geval sal hulle voorgee dat diegene wat nie gestem het nie, ten gunste van 'n gesamentlike Duitse regering is — iets wat die Russe bepleit. Hulle sou dan hoop om met behulp van hierdie veronderstelde steun in Wes-Duitsland meer stemme in hul gebied by 'n volgende verkiesing te trek.



Vandag se pennie is môre se pond

. . . . of, besparing verryk!

Sedert sy vroegste jare het VOLKSKAS spaarsin by die Volk aangemoedig en fasiliteite vir besparing daargestel. Tans het VOLKSKAS uitgegroei tot 'n handelsbank van landswye omvang, maar hy verwelkom en dien nog steeds die „klein spaarder" en bied nog dieselfde aantreklike spaar- en beleggingsfasiliteite aan.

Bespreek hierdie fasiliteite met u naaste takbestuurder.

ARBEIDSAAMHEID

VOLKSKAS

BEPERK (Geregistreerde Handelsbank)

HOOFKANTOOR: PRETORIA

New York Agente: Chemical Bank & Trust Co.

Londen Agente: Lloyds Bank Limited

*Maatskappyvergadering*

# VOLKSKAS BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

## Voorsittersrede op die Vyftiende Algemene Ledevergadering, gehou te Pretoria op Vrydag 4 Augustus 1949

*Die Voorsitter, mnr. J. H. Greijbe het gesê:*

Dames en Here,

U is hartlik welkom by hierdie vyftiende algemene jaarvergadering van VOLKSKAS. Andermaal is die geleentheid daar vir u Direksie om verslag te lewer en om saam met ons lede die werksaamhede van ons Bank in oënskou te neem.

Hoewel ek veronderstel dat u reeds daarvan kennis dra, ag ek dit tog van pas om op hierdie stadium melding van dr. A. J. Stals, ons vorige voorsitter van die Direksie te maak. Sedert die vorige algemene jaarvergadering is hy tot Minister van die Unie-Kabinet benoem, as gevolg waarvan hy as lid van die Direksie moes bedank. In die vakature wat as gevolg hiervan op die Raad ontstaan het, is prof. A. I. Malan in Januarie van hierdie jaar as direkteur aangestel. Ek is daarvan oortuig dat ek namens elke lid van VOLKSKAS spreek as ek verklaar dat dr. Stals die voorsitterstoel by geleenthede soos hierdie met waardigheid beklee het en dat ons aan hom alle dank en waardering vir sy bekwame dienste verskuldig is.

Op die vorige algemene jaarvergadering het drie direkteure, naamlik prof. dr. J. P. van der Merwe en mnre. A. J. Bosman en W. Bührmann volgens Statute afgetree en is herkies. Op hierdie vergadering tree dr. A. Hertzog, mnr. C. C. Kriel en prof. dr. A. I. Malan af en u sal versoek word om drie direkteure in hulle plekke te kies. Aftredende direkteure is herkiesbaar.

Dis nou my taak, maar tewens ook my voorreg, om ons veertiende jaarverslag met die bybehorende state aan u voor te lê en terselfdertyd 'n paar poste wat kommentaar verdien, toe te lig. Daarna sal ek probeer om u aandag kortliks op die aktiwiteite van ons Bank en op ons landsomstandighede, in sover as wat ons as bankiers daarvan kennis moet dra, te vestig.

Die balansstaat en ander rekeninge per 31 Maart 1949, asook die verslag van die Direksie oor die afgelope boekjaar, is reeds op die gebruiklike wyse aan aandeelhouers gestuur. Daaruit blyk dat die totale bate van die Bank £17 miljoen oorskry, teenoor £15 miljoen verlede jaar, £13 miljoen in 1947 en £11 miljoen in 1946, d.w.s. 'n aanwas van ongeveer £2 miljoen jaarliks vir die afgelope drie jaar, wat as bestendige en bevredigende vooruitgang beskou kan word. Depositos en beleggings van die publiek het met meer as £1,200,000 aangegroei sedert die einde van die vorige boekjaar, en het op 31 Maart die aansienlike bedrag van bykans £14½ miljoen beloop. In die jongste maande het dit ook gebeur dat die syfer dikwels die £15 miljoen-merk oorskry. Nadat ruim voorsiening vir twyfelagtige poste in die vorm van 'n gebeurlikheidsreserwe gemaak is, en hierdie reserwe van die voorskottesyfer afgetrek is, verskyn hierdie pos in die balansstaat teen £9.4 miljoen. 'n Gesonde verhouding van voorskotte tot deposito's word steeds deur u direksie gehandhaaf.

Die uitgereikte kapitaal van VOLKSKAS is nou gelyk aan die gemagtigde kapitaal van £1,500,000 en hierop is £1,400,795 ingeskrywe en £1,385,265 gestort. Ingeskrewe kapitaal het gedurende die boekjaar gestyg met £154,761 en die gestorte kapitaal met £144,550. In Julie van verlede jaar het u direksie besluit om die 250,000 aandele wat indertyd nog in reserwe gehou was, aan die publiek vir inskrywing beskikbaar te stel. Van hierdie uitgifte is daar nog maar slegs 89,000 aandele vir inskrywing oor. Verdere nuwe uitgifte van aandele word nie op hierdie tydstip beoog nie maar sal oorweeg word sodra omstandighede dit vereis. U Bank het tans meer as 8,800 aandeelhouers en hierdie getal groei steeds aan.

Soos die state aantoon het u Bank weereens 'n besonder suksesvolle bedryfsjaar gehad. U sal opmerk dat die netto-inkomste, d.w.s. inkomste na aftrekking van rentes, kommissie, ens. die aansienlike syfer van £866,679 beloop het. Hierdie syfer verteenwoordig 'n styging wat baie bevredigend kan beskou word, van meer as £150,000 oor die van die vorige boekjaar.

Nadat administrasiekoste, afskrywings en voorsiening vir slegte skulde, belastings en oordrag na gebeurlikheidsreserwe asook bydrae tot stafvoorsorgfonds in berekening gebring is, beloop die saldo beskikbaar vir verdeling £101,591 0s. 5d. plus 'n bedrag van £35,124 2s. 6d. oorgedra van die vorige boekjaar. U direksie beveel met genoë aan dat 'n diwidend van 5 persent op gestorte kapitaal uitgekeer word.

In verband met die item „Wins op Vaste-eiendom — £8,415 14s. 9d." wat u in die Inkomste en Uitgawe rekening opmerk wil ek verduidelik dat hierdie wins betrekking het op verkoping van eiendom wat nie meer vir gebruik as bankpersele benodig was nie. Verlede jaar het 'n soortgelyke pos in die state voorgekom en was die bedrag £59,861.

Die algemene reserwe staan nou op £110,000 teenoor £75,000 verlede jaar nadat £15,581 vanaf Wins en Verliesrekening oorgedra is en £19,419 premie op aandele toegevoeg is.

Dit is vir my 'n genoeë om verder te kan rapporteer dat u Bank in die afgelope boekjaar in verskeie ander rigtings gesonde vooruitgang gemaak het. Soos in die verslag van die direksie vermeld, is sewe nuwe takke geopen en wel op die volgende plekke, nl. Groblersdal, Marquard, Worcester, Lydenburg, Tvl., Odendaalsrust, Montagu, Upington, Pretoria-Noord, Nelspruit en Gobabis. Momenteel beskik u bank oor 71 takkantore. Met die opening van Windhoek-takkantoor op 20 Oktober 1948 is weer 'n nuwe mylpaal bereik — ons eerste eie kantoor buite die grense van die Unie.

Die Hoofkantoor van ons Bank ontvang nog byna daagliks aansoeke vanuit alle dele van die Land om nuwe takke daar te open. Hierdie belangstelling word ten seerste gewaardeer maar, hoewel dit die begeerte van u Direksie is om uiteindelik 'n VOLKSKAS-tak op elke sentrum waar dit geregverdig is, te hê, word die opening van verdere takke grootliks bemoeilik deur die tekort aan voldoende opgeleide personeel — 'n toestand wat veral deur 'n groeiende Instelling ondervind word; ons kan dus minstens vir die volgende jaar weinig nuwe takke in die vooruitsig stel.

Die nuwe VOLKSKAS-gebou in Johannesburg waarna so lank uitgesien is, is feitlik voltooi en die Johannesburg-takkantoor sal na verwag word in Oktober daarheen verhuis. 'n Eie nuwe gebou is ook te Potchefstroom opgerig waarin ons tak nou sake doen. Werksaamhede aan 'n nuwe gebou op Somerset-Oos vorder fluks. In Durban, waar ons lank moes sukkel om 'n geskikte perseel te bekom, is in die afgelope jaar 'n eie gebou aangekoop waarin ons nou 'n doeltreffende kantoor ingerig het. Planne is reeds opgetrek en voorbereidings vorder goed vir die oprigting van VOLKSKAS-geboue in Pretoria, Bloemfontein, Vereeniging, Kroonstad en Senekal.

Die omset van u Bank se deviese-afdeling het ook weer nuwe hoogtes bereik. In die kort bestek van nog geen drie jaar nie, het hierdie afdeling van die Bank se bedryf besonder bevredigende resultate behaal. Met die jongste uitgebreide oorsese reis van die buitelandse bestuurder, mnr. Tancred, is verdere waardevolle verteenwoordiging verkry hoofsaaklik in die Verre Ooste en in die V.S.A. U Bank is dan ook volkome toegerus om alle buitelandse transaksies wat normaalweg deur handelsbanke gedoen word, regstreeks en doeltreffend te hanteer.

Ek vestig u aandag nou kortliks op 'n paar aspekte van ons land se ekonomiese toestand, want dit is goed om by geleenthede soos hierdie die bedrywighede van ons Bank en ons verwagtings vir die toekoms teen daardie agtergrond te sien.

As ons let op die beramings van ons volksinkomste, wat gewoonlik 'n betroubare aanduiding is van die landsvooruitgang, dan merk ons dat die totale volksinkomste in die jaar (1947-48) met ongeveer 10 persent gestyg het en dat die syfer £760 miljoen beloop het. Hierdie styging is die grootste in die na-oorlogse tydperk. In die verband is dit opmerklik dat die vier vernaamste bronne van inkomste, in volgorde van belangrikheid, nog die **sekondêre nywerheid, die handel, die landbou en die mynwese** is.

Ons **nywerheidsontwikkeling** het gedurende die afgelope jaar sonder verslapping voortgegaan. Dit word bereken dat van al die maatskappye wat in die jongste tyd geregistreer is en nog geregistreer word, byna die helfte nywerheidsondernemings verteenwoordig; in 1948 was die rekord aantal van 4,389 Uniemaatskappye geregistreer met 'n totale kapitaal van £67.68 miljoen. Dit is 'n bemoedigende teken en die huidige moeilikhede wat met ons buitelandse betalingsbalans ondervind word, beklemtoon ook die noodsaaklikheid om tot 'n groter mate in ons eie behoeftes te voorsien deur verdere ontwikkeling van ons sekondêre nywerhede. Daarbenewens is ons fabriekswese nog verreweg die belangrikste werksverskaffer in die Unie. In hierdie verband is die onlangse oprigting van eie tekstielfabrieke 'n belangrike mylpaal wat verwelkom word en wat ewentueel daartoe mag bydra om grondstowwe vir ons klerenywerheid, waarvan momenteel 86 persent ingevoer moet word, plaaslik te vervaardig.

Soos ek reeds gesê het, is die **landboubedryf** na die fabriekswese en die handel, vandag die derde grootste bydraer tot ons nasionale inkomste. Oor die jare 1946-47 tot 1947-48 het dit die groot styging van 13.6 persent tot 15 persent van die totale volksinkomste getoon. Met weinige uitsondering bly die toestande in hierdie bedryf nog steeds gunstig. Alhoewel ons mielie-oes, as gevolg van die knellende droogte wat gedurende die somermaande groot dele van ons land geteister het, 'n kleiner opbrengs sal oplewer as die van die vorige jaar, is die geproduseerde hoeveelheid saam met die oorskot van die vorige seisoen voldoende om in ons eie behoeftes te voorsien. Ons koringoes was goed en volgens rapport kan vanjaar weer 'n goeie opbrengs verwag word. Dieselfde geld vir tabak. Ons wolboere het 'n goeie jaar gehad met 'n totale opbrengs van 690,000 bale en 'n totale woltjek van £31 miljoen — 'n rekord tot datum. Pryse was deurgaans goed en bestendig. Waar daar nog steeds 'n groot aanvraag vir fynwol bestaan en die totale wolopbrengs van Suid-Afrika vir 80 persent uit hierdie tipe bestaan, is verdere vooruitsigte vir die wolboer ook heeltemal gunstig. Ook vir sagte- en sitrusvrugte was daar 'n goeie seisoen gewees, selfs wat bevredigende pryse betref, en ons het met genoeë verneem dat ons wynboubedryf steeds groter markte verower. Verlede jaar, byvoorbeeld, was die Unie die grootste leweransier van wyn en spiritualië aan Brittanje.

Ons **mynwese**, met uitsondering van die goudmynbedryf wat as gevolg van die spesiale omstandighede waaronder die prys van sy produk vasgestel word, 'n moeilike tydperk deurmaak, is oor die algemeen welvarend. In 1948 was ons totale minerale produksie (insluitende goud) £126.83 miljoen teenoor £120.51 miljoen in 1947. Van verlede jaar se produksie het goud weer nagenoeg £100 miljoen uitgemaak, terwyl steenkool, diamante en koper onderskeidelik 'n opbrengs van £9.07 miljoen, £8.72 miljoen en £3.13 miljoen opgelewer het. Die produksiesyfers vir die eerste vier maande van hierdie jaar is baie belowend en as dieselfde ontginningstempo vanjaar verder gehandhaaf kan word, sal in 1949 weer 'n rekord opbrengs gelewer word.

Vir die goudmynbedryf — vanuit die oogpunt van internasionale handel nog ons belangrikste bedryf — wil dit voorkom asof daar momenteel beter vooruitsigte bestaan as wat 'n rukkie gelede die geval was. Die groot nuwe Vrystaatse goudvelde behoort ook binne afsienbare tyd hul deel by te dra tot ons nasionale inkomste.

Weens die groot aanvraag wat op die wêreldmark vir koper, asbes, mangaan, chroom en platina bestaan, skyn dit asof daar goeie rede bestaan om aan te neem dat die ontginning van hierdie minerale van besondere waarde vir ons land is — vir die huidige veral as aanvulling van ons valuta, en vir die toekoms ook as grondstowwe vir plaaslike nywerhede. Dit word bv. beweer dat ons land waarskynlik die rykste chroom-erts bronne in die wêreld het en hierdie mineraal kan dus as 'n bate van aansienlike potensiële waarde beskou word. Platina behaal momenteel 'n hoë prys (£20 per fyn ons) op die wêreldmark en volgens rapport gaan die plaaslike ontginning hiervan nog hierdie jaar aansienlik uitgebrei word. Diamante het nog 'n redelike goeie gedeelte van die totale uitvoer uitgemaak. Weens vermeerderde interne verbruik en vervoermoeilikhede is minder steenkool in 1948 uitgevoer as in 1947. Vir die regte gehalte steenkool is daar soos ons verstaan nog steeds 'n groot aanvraag.

In ons geld- en bankwese vind belangrike veranderings plaas. Die totale geld in omloop in die Unie wat op een stadium gedurende verlede jaar oor die £452 miljoen beloop het, teenoor slegs £106.4 miljoen aan die end van 1939, toon nou 'n aansienlike daling. Vanaf end Maart verlede jaar tot end April 1949 het dit bv. met £84.2 miljoen afgeneem. As in aanmerking geneem word dat die grootste enkele bestanddeel van ons geldvoorraad uit onmiddellik-opeisbare saldo's by die banke bestaan en dat hierdie saldo's aansienlik gedaal het, is dit nie moeilik om die hoofoorsaak van die vermindering van omloopgeld vas te stel nie. Hierdie daling is op sy beurt weer aan die ongunstige betalingsbalans, verminderde invloei van buitelandse kapitaal en vermindering van bankkrediet toe te skrywe. Bankkrediet het bv. vanaf end Desember 1948 tot end April van hierdie jaar met meer as £10 miljoen afgeneem. Tot die mate wat invoerbeperking en skaarste aan materiaal en arbeid inflasionêre neigings kan aanmoedig, behoort of vermindering in koopkrag 'n goeie uitwerking op die landsekonomie in die algemeen te hê.

In verband met ons geldvoorraad en die omloopsnelheid daarvan, is dit van pas om ook te verwys na die Nasionale Finansiekorporasie wat van owerheidsweë opgerig is. Soos u u sal herinner uit persberigte word die Finansiekorporasie daargestel om voorsiening te maak vir meer doeltreffende mobilisering van slapende kapitaal in die Unie en die aanwending daarvan in die nasionale ekonomiese belang. Soos ons u onlangs in ons amptelike nuusbrief meegedeel het, verwelkom VOLKSKAS die Finansiekorporasie en die korttermyn geldmark wat daardeur vir ons land geskep word, en is ons volle steun reeds aan die Korporasie toegesê.

By hierdie geleentheid wil ek ook graag 'n paar woorde sê oor die onderwerp van kredietinkorting deur die banke. Daar is, soos wellig aan u bekend mag wees, in Desember van verlede jaar deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. De Kock, 'n versoek tot die handelsbanke gerig om krediet in te kort vir die handel, oorontwikkelde en minder noodsaaklike nywerhede en onproduktiewe doeleindes in die algemeen. Aan hierdie versoek is tot hiertoe en word verder deur u Bank voldoen, dog ons volg konsekwent die beleid om so min ontwrigting en ongerief vir ons kliënte as wat daar enigsins moontlik is te veroorsaak. Ons vra dan ook die samewerking van ons kliënte om hulle behoeftes aan bankkrediet op 'n laer peil te stel en om ons sodoende te help met die toepassing van die monetêre beleid van die President van die Reserwebank. Dit is vir ons aan-

genaam om u mee te deel dat ons hierdie beleid tot dusver reeds met aansienlike sukses toegepas het en goeie samewerking van ons kliënte daarmee steeds ontvang.

Met hierdie paar opmerkings oor die algemene ekonomiese toestand sou ek kon volstaan, maar ek maak nog enkele toevoegings omdat ek vermoed dat menigeen vir homself die vraag gestel het: Wat van die toekoms?

Sedert die oorlogsjare is al verskeie voorspellings gemaak, selfs uit gesaghebbende oorde. Baie profete verskil van mekaar en baie voorspellings, waarvan die meeste van 'n pessimistiese aard is, is nie bewaarheid nie. Al wat ons met sekerheid weet is dat toestande vandag hemelsbreed van die van 1939 verskil, dat ons pond nie meer sy koopkrag van 10 jaar gelede besit nie, dat die land se geldvoorraad vir invoergebruik gedaal het en dat ons volk op 'n peil wat gevaarlik kan word, geleef het. Aan die anderkant het ek u reeds meegedeel dat die bronne van ons lewensmiddele geen tekens van agteruitgang toon nie, dat die Regering wel gewaarsku het maar ook daarop gewys het dat daar geen sprake van bankkrotskap is nie en dat hy in staat is om sonder addisionele belastings ons landsake te bestuur. Dis wel waar dat daar gevaartekens is om ons te waarsku om betyds voorsorgsmaatreëls te tref. Die probleme skyn nie onoorkomelik te wees nie mits alle burgers van die land bereid is om toestande soos hulle is te aanvaar en met bereidwilligheid en 'n bietjie opoffering hul deel tot oplossing van moeilikhede by te dra. Van almal word verwag om binne die perke van hul geldelike vermoëns te lewe en niemand, ook nie deur middel van sy beroepsorganisasie, behoort buitensporige eise te stel nie. In ons finansiële ondernemings moet die selfstandigheid van ons landsekonomie beoog word en ons bronne as enigste draagkrag van selfonderhoud ontwikkel word. Langs hierdie weg is daar min gevaar en moet ons uiteindelik in staat wees om die ontginner, die raadgewer en voorbeeldsteller van geheel Afrika te word.

My Direksie het geen rede om oorbesorgd oor die toekoms te wees nie, maar dan verwag hy dat daar minder van 'n spekulatiewe gees aangetref word en dat produktiewe arbeid ons volksleuse word.

Voordat ek afsluit wil ek u graag bedank vir u teenwoordigheid hier vanaand en vir die tasbare en morele steun wat u en die ander lede wat nie hier aanwesig is nie, aan ons Bank gelwer het en nog lewer. Ook aan my mede-direkteure kom lof toe vir hulle toegewyde en getroue dienste en medewerking. Die Hoofbestuurder, die Assistent Hoofbestuurder en hul assistente verdien ons opregte waardering vir hulle bekwame leiding en toegewyde pligsvervulling.

In besonder wil ek by hierdie geleentheid 'n woord van dank en waardering rig tot ons groot en steeds groeiende personeel vir hul bydrae tot instandhouding en uitbouing van VOLKSKAS. Die toegewydheid, entoesiasme en ywer waarmee hulle pligte vervul word, is van die grootste bates waaroor u Bank beskik. Dit sal u interesseer om te verneem dat u Bank op 31 Maart 'n totaal van 992 personeellede in diens gehad het. Hiervan was 657 mans en 335 dames, en van die mans is 251 getroud met 'n gesamentlike kindertal van 320. Jaarliks word meer as 100 junioramptenare op die Bank se personeel aangestel. U direksie verheug hom daarin dat hy in die afgelope boekjaar weer 'n bonus aan die personeel kon uitkeer en dat 'n nuwe pensioenfonds eersdaags vir die personeel ingestel sal word. Met leedwese moet ek egter ook hier melding maak van die afsterwe in Julie van verlede jaar van mnr. A. M. Wilcocks, 'n gewaardeerde senior amptenaar van die Bank.

Ten slotte betuig ek ons dank aan ons ouditeure, alle ander medewerkers, ondersteuners, kliënte en vriende van ons Bank op wie se heelhartige steun ons nog steeds kon reken.

Dit is vir my aangenaam om nou hiermee die aanname van die jaarverslag en rekeninge voor te stel.

# VOLKSKAS BEPERK

## BALANSSTAAT SOOS OP 31 MAART 1949.

### BATE

| | £ s. d. | £ s. d. |
|---|---|---|
| **Kontant:** | | |
| Op hande en in Transito ... | 484,947 14 9 | |
| Suid-Afrikaanse Reserwebank ... | 1,686,680 1 7 | |
| | | 2,171,627 16 4 |
| **Remise in Transito:** | | |
| TJEKS VAN ANDER BANKE: | | |
| Op Hande en in Transito ... | 714,720 12 7 | |
| Ingehandig vir Inkasso ... ... | 60,046 11 1 | |
| | | 774,767 3 8 |
| **Beleggings:** | | |
| Plaaslik Geregistreerde Effekte teen Markwaarde ... ... ... | 2,585,870 2 9 | |
| S.A. Reserwebank Effekte teen Markwaarde ... ... ... | 12,375 0 0 | |
| Elektrisiteitsvoorsieningskommissie Effekte teen Markwaarde ... | 49,437 10 0 | |
| Bouvereniging Vaste Deposito's ... | 10,000 0 0 | |
| Kumulatiewe Voorkeur-aandele teen Nominale Waarde ... | 40,997 0 0 | |
| | | 2,698,679 12 9 |
| | | 5,645,074 12 9 |
| **Verdiskonteerde Wissels** ... ... | | 498,060 0 7 |
| **Voorskotte aan Kliënte en ander Rekeninge min Gebeurlikheidsreserwe** ... ... ... ... | | 9,416,958 18 9 |
| **Kliënte se verpligtings onder Garansies, Kredietbriewe en Akseptasies...** | 1,081,609 19 8 | |
| Min: Kontant gestort ... ... | 267,054 9 2 | |
| | | 814,555 10 6 |
| **Vaste Bate:** | | |
| Bankgeboue teen kosprys min Reserwe ... ... ... | 814,118 16 2 | |
| Aandele teen kosprys in en Voorskotte aan Filiaal-eiendomsmaatskappye ... ... ... | 52,372 15 10 | |
| Kantooruitrusting teen kosprys min Waardevermindering ... ... | 112,383 5 10 | |
| | | 978,874 17 10 |
| | | £17,353,524 0 5 |

### LASTE

| | £ s. d. | £ s. d. |
|---|---|---|
| **Tjek-, Deposito en ander Rekeninge:** | | |
| Vaste Deposito's ... ... ... | 1,274,567 15 1 | |
| Beleggingsertifikate ... ... | 2,367,564 3 10 | |
| Spaarrekeninge ... ... ... | 2,212,748 6 11 | |
| Tjek- en ander Rekeninge insluitende Voorsiening vir Inkomstebelasting ... ... ... ... | 8,590,295 0 8 | |
| | | 14,445,175 6 6 |
| **Wissels uitgereik teen Takke en Agente** | | 210,339 4 9 |
| **Verpligtings onder Garansies, Kredietbriewe en Akseptasies** ... ... | | 1,081,609 19 8 |
| **Voorsiening vir Voorgestelde Diwidend** | | 65,732 10 2 |
| **Kapitaal, Reserwes en Onverdeelde Wins:** | | |
| **Gemagtigde Aandele Kapitaal** ... ... £1,500,000 | | |
| **Uitgereikte Kapitaal:** | | |
| 1,400,795 aandele van £1 elk waarop gestort is ... ... | 1,385,265 6 7 | |
| **Algemene Reserwe** ... £90,581 0 0 | | |
| **Plus** Premie op Aandele 19,419 0 0 | | |
| | 110,000 0 0 | |
| Saldo Winsverdelingsrekening ... | 55,401 12 9 | |
| | | 1,550,666 19 4 |
| | | £17,353,524 0 5 |

(Voorwaardelike aanspreeklikheid ten opsigte van die aankoop en aanbou van persele £96,880 3 6.)

(Get.) W. BÜHRMANN,
(Direkteur)

(Get.) J. H. GREIJBE,
(Direkteur).

Aan die Aandeelhouers van VOLKSKAS BEPERK,

Kragtens artikel 40 van die Bankwet 1942 rapporteer ons dat:

(1) Ons die boeke, rekenings en die bewysstukke van u Bank nagegaan het en die sekuriteite ondersoek het of oortuig is van die bestaan daarvan.
(2) Behoorlike boeke en rekeninge gehou is.
(3) Ons al die inligtings en verduidelikings verlang, verkry het.
(4) Na ons mening die bostaande Balansstaat na behore so opgestel is dat dit 'n getroue en juiste weergawe toon van die toestand van die Bank se sake na ons beste wete en die verduidelikings aan ons gegee, en soos aangetoon deur die boeke van die Bank op die 31ste Maart 1949.
(5) Die effekte en alle stukke van die Bank behoorlik en veilig bewaar word.
(6) Die beheer van die Bank oor sy takke voldoende is, en die instruksies aan die amptenare in die takke van die Bank behoorlik uitgevoer is.

(Get.) TAYLOR EN GEERLING,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.).

(Get.) HOEK, WIEHAHN EN VENNOTE,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.).

Die totale bedrag van verliese van filiale-eiendomsmaatskappye wat betrekking het op die Bank se belang daarin bedra £399/16/6.

(Get.) W. BÜHRMANN,
(Direkteur).

(Get. J. H. BREIJBE,
(Direkteur).

PRETORIA,
18 Junie 1949.

# VOLKSKAS BEPERK

## INKOMSTE- EN UITGAWE-REKENING VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 31 MAART 1949.

### UITGAWES

| | £ s. d. |
|---|---|
| **Administrasiekoste insluitende waardevermindering, slegte skulde afgeskryf, voorsiening vir twyfelagtige skulde en belasting en oordrag na eiendomsreserwe en gebeurlikheidsreserwe** ... ... ... ... | 739,960 14 10 |
| **Bydrae Stafvoorsorgfonds** ... ... ... ... | 20,565 13 3 |
| **Direkteursgelde en vergoeding aan Direkteure vir spesiale dienste** ... ... ... ... ... | 4,561 11 10 |
| **Oorgedra na Winsverdelingsrekening** ... ... ... | 101,591 0 5 |
| | £866,679 0 4 |

### INKOMSTE

| | | £ s. d. |
|---|---|---|
| **Rente en Kommissie en Inkomste van Geboue na aftrek van Rente en Kommissie betaal en Uitgawes in verband met Geboue...** ... ... ... ... | | 866,679 0 4 |
| **Wins op Vaste Eiendomme** ... ... | 8,415 14 9 | |
| **Oorgedra na Eiendomsreserwe** ... ... | 8,415 14 9 | |
| | | £866,679 0 4 |

## WINSVERDELINGSREKENING

| | £ s. d. |
|---|---|
| **Voorsiening vir Voorgestelde Diwidend van 5% op gestorte kapitaal vir die jaar geëindig op 31 Maart 1949** ... ... ... ... ... ... ... | 65,732 10 2 |
| **Toevoeging tot Algemene Reserwe** ... ... ... | 15,581 0 0 |
| **Onverdeelde Saldo soos op 31 Maart 1949** ... | 55,401 12 9 |
| | £136,715 2 11 |

| | | £ s. d. |
|---|---|---|
| **Onverdeelde Saldo op 31 Maart 1948** | 36,124 2 6 | |
| **MIN addisionele Direkteursgelde toegeken op Ledevergadering 16/7/48** ... | 1,000 0 0 | |
| | | 35,124 2 6 |
| **Saldo oorgedra van Inkomste en Uitgawe Rekening vir die jaar geëindig op 31 Maart 1949** ... ... | | 101,591 0 5 |
| | | £136,715 2 11 |

(Get.) W. BÜHRMANN,
(Direkteur).

(Get.) J. H. GREIJBE,
(Direkteur).

Ons rapporteer dat volgens ons beste wete en oortuiging en volgens inligting aan ons verstrek die bogemelde rekening 'n juiste opgawe aantoon van die Inkomste en Uitgawe vir die tydperk 1 April 1948 tot 31 Maart 1949.

PRETORIA,
18 Junie 1949.

(Get.) TAYLOR EN GEERLING,
(Get.) HOEK, WIEHAHN EN VENNOTE
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.

DIE O.B., WOENSDAG, 17 AUGUSTUS 1949

# GELYKE GELEENTHEID OOR DIE RADIO

'n Stofstorm wat die afgelope twee weke opgeskop was oor die „misbruik" van die radio vir politieke doeleindes deurdat die Minister van Binnelandse Sake die wet op Suid-Afrikaanse burgerskap oor die radio verduidelik het, het uiteindelik gelei tot 'n algehele eenstemmigheid in die regering- en opposisiepers dat die radio tot beskikking van die politieke partye gestel moet word. Dit wil dus voorkom asof dit net 'n kwessie van tyd sal wees voordat hierdie nuwe beginsel ingevoer sal word. Dat daar oor die prosedure in verband met sulke uitsendings minder eenstemmigheid sal wees as oor die breë beginsel, spreek vanself. Maar solank die beginsel nog ter sprake is, sal dit goed wees dat die Ossewabrandwag ook sy standpunt stel.

Soos kort gelede in ons blad aangetoon, is een van die grootste euwels van die parlementêre stelsel die daarstelling van 'n partypers wie se hooftaak dit is om vir 'n besondere party propaganda te maak, met die gevolg dat beriggewing onderhewig gemaak word aan die belange van die beherende party. Op hierdie wyse, het ons gesê, ontstaan daar geslote kampe binne die volk. Die een party se volgelinge hoor nooit die teenstander se standpunt op onbevange wyse nie, en dit lei tot steeds grotere volksverbrokkeling en onderlinge haat en nyd. **Enige stap dus wat dit moontlik sal maak om die volk alle kante van 'n saak te gee, sal deur ons verwelkom word, en dus ook die wenk om die radio beskikbaar te stel aan die verskillende politieke menings in die land.**

### RANGORDE VAN SETELS

**Maar dan moet dit 'n eerlike poging wees om die volk in te lig oor die verskillende politieke strominge en nie net 'n geleentheid aan 'n paar groot politieke partye om hulle nog stewiger in te plant ten koste van kleinere partye of groepe nie.** As die radio 'n blote forum gaan word van die paar politieke partye in die parlement volgens 'n rangorde van setels, sal dit die doel van die instelling heeltemal mis, en word dit maar net 'n verheerlikte verkiesingsmasjinerie wat die volk uiteindelik òf sal verveel òf dieper sal laat neerdaal in die muwwe kuil van partypolitieke platvloersheid.

Die idee is tog immers om die volk 'n intelligente begrip te gee van die verskillende politieke standpunte, **en standpunte kan nie gemeet word in terme van reeds verowerde setels nie.** Niemand sal byvoorbeeld wil beweer dat omdat die Verenigde Party-kombinasie 'n paar jaar gelede meer as twee-derde van die setels besit het, sy standpunt meer as tweemaal soveel werd was as dié van die H.N.P. nie. En tog sou, volgens die voorstelle wat nou gedoen word, daardie party indertyd byna driemaal soveel tyd oor die radio vergun gewees het as die H.N.P. **Dieselfde geld vir partye of groepe wat nog geen verteenwoordiging in die parlement het nie.** Dat die heil van 'n land dikwels afhang van 'n heeltemal nuwe ontwikkeling, word bewys deur lande soos Portugal en Spanje waar ou partye eenvoudig ingetuimel het voor die opkoms van nuwe omstandighede. **As die radio 'n verkiesingsmasjinerie word net van die ou partye word die moontlikheid van nuwe ontwikkelinge binne die volk nog onder groter belemmering geplaas as tans met die groot persmonopolieë.**

Laat die volk die geleentheid ontvang om die verskillende politieke standpunte in sy boesem op 'n voet van gelykheid te verneem, en dan sy keuse doen volgens sy breër insig. En laat daarby onthou word dat naas die partypolitiek daar ook 'n volkspolitiek is wat 'n standpunt binne die volk verteenwoordig. So 'n beleid van gelyke geleentheid kan alleen teengestaan word deur diegene wat hul krag put uit die onkunde van die volk — soos Rome dit in die Middeleeue gedoen het en Stalin in die moderne tyd.


**SKIEREILANDSE HOOFGENERAALSKAP**

vier O.B.-DAG op

*MAANDAG, 22 AUGUSTUS*

om 8 nm. in die

*EBENEZER-SAAL, MAITLAND*

●

**Hoofspreker: DR. J. F. J. VAN RENSBURG** (*Kommandant-Generaal*)

**ook PROF. D. J. VAN ROOY** (Voorsitter van die Groot Raad en Jeugleier)

●

***Eenhede moet O.B.-Dag Bydraes Oorhandig***

**ALLE O.B.'S UITGENOOI!**


# Britte Wou Vryheidstrewe Reeds In 1921 Fnuik Met „Republiek Binne Empire"

**Dat die idee van 'n republiek binne die Statebond nie so 'n alte modern ingewing van die Britse imperialisme is nie, maar reeds meer as 'n kwart eeu gelede in verband met Ierland aangeroer is, word deur 'n korrespondent van ons blad onder die aandag gebring. Hy skryf:**

Met die onlangse Statebond-konferensie het ons baie gehoor van die verregaande nuwighede en die grootste ontwikkelings wat selfs republieke binne die Empire toelaat. Afgesien van die meriete of demeriete van so 'n „Republiek" is dit nog 'n vraag of hierdie 'n nuwe, blink gedagte is, dan wel of dit nou maar die toediening is van iets wat al lankal as fopspeen oorweeg is en nou eers in toepassing gekom het omdat dit vroeër nie nodig was nie. In 'n lewensbeskrywing van de Valera, die Ierse vryheidsvegter, lees ons dat die Imperiale regering eers probeer het die Ierse republiekeine met vuurpeloton en galg en gevangenisstraf afskrik; toe dit eindelik blyk dat die slagoffers taaier as die slagters is, moes 'n ander plan gemaak word en in 1921. Toe probeer die Britse Eerste Minister, Lloyd George, 'n ander plan en hy laat onoffisiële onderhandelings met die rebelleiers aanknoop om te verneem wat hulle verlang en waar hul swak punte of meningsverskille verborge lê.

### „NEE, IERSE REPUBLIEK"

Ek siteer uit die boek „Eamon de Valera" A Biography by M. J. MacManus (Talbot Press Ltd), bladsy 119:

„Lloyd George het begin twyfel of Sir Henry Wilson en Sir Hamar Greenwood (sy militêre raadgewers) besig was om hom die beste advies moontlik te gee. Voelhorings is in Dublin deur nie-amptelike tussen-gangers uitgesteek en verslag is aan Lloyd George in Downingstraat gedoen. Vooraanstaande Republiekeine is voortdurend ondervra."

Een van die nie-amptelike onderhandelaars het daarin geslaag om die rebelse militêre leier, Michael Collins, te spreek. Hy het Collins gevra om sy voorwaardes te bepaal.

„,Lloyd George het 'n kans om homself as 'n groot staatsman te openbaar deur die Ierse Republiek te erken', het Collins gesê. **,Meen u 'n republiek binne die Statebond?' wou die ondervraer weet. ,Nee, ek bedoel 'n Ierse Republiek', antwoord Collins."**

### REGTE EEN

En in 1949 het die Iere hul Ierse Republiek gekry. . . werklik Iers en nie „within the Commonwealth" nie. **Maar dit is goed om te weet dat reeds in 1921 die Britse regering, deur middel van voelhorings en kontakte, met die gedagte van 'n „republiek-binne-die-Ryk" as 'n blitsafleier vir die egte republiekeinse strewe gespeel het.**

En nou moet ons in die jaar des Heils 1949 verneem dat die nuwe soort republikanisme („die Imperiale Republiek") werklik 'n blink gedagte van die onlangse Konferensie is. Soos 'n siniese opmerking uit die dae van die verongelukte Eenheidskomitee gelui het: „Die volk vergeet baie gou."

**Ek wil net byvoeg dat die Iere die spoor nie byster geraak het nie en dat Ierland vroeg hierdie jaar, nog voor die Rykskonferensie bymekaargekom het, die finale stap gedoen het —die finale stap buitekant die Ryk— Republiek toe!**

Tot onlangs was dit mode om te beweer dat „Ierland toon die weg aan."

Mag daardie mode nie verouder nie.

## HERSKOMMELING VAN KABINET

Die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, het in Pretoria die eerste herskommeling van sy kabinet aangekondig. Die kommentaar van Engelse kant is dat dit 'n poging is om dr. Stals, wat 'n beleid van gematigdheid ten opsigte van die nie-blanke onderwys gevolg het, uit te skuif.

Die departement van mynwese word van min. Eric Louw weggeneem en aan dr. T. E. Dönges oorhandig.

Die departement van pos- en telegraafwese word van dr. T. E. Dönges weggeneem en aan min. F. C. Erasmus oorhandig.

Die departement van onderwys word van dr. A. J. Stals weggeneem en aan min. C. R. Swart oorhandig.

Die departement van bosbou word van min. S. P. le Roux weggeneem en aan min. J. G. Strydom oorhandig.

Owerigens word geen veranderings aangebring nie. Die herskommeling is genoodsaak om die werk meer eweredig onder ministers te verdeel, word verklaar.

Voorheen was daar sprake van 'n uitbreiding van die kabinet en die moontlikheid van vier nuwe ministers is selfs genoem. Blykbaar is hierdie voorneme nou verander.

## KATOLIEKE WORD JODE

'n Groep Italiaanse Katolieke het die Joodse geloof aanvaar en is kort gelede by die Joodse gemeenskap ingelyf nadat hulle die besnydenis ondergaan het, berig die Jewish Herald. Hulle hoop om eerlang na Palestina te gaan as burgers van Israel.

# *SENUWEEAGTIGHEID IN NATAL*

**Senator Heaton Nicholls (V.P.) het verlede week 'n ongewone en splinternuwe voorstel aan die Natallers gedoen. Die voorstel wil 'n veiligheidsklep wees vir die omgekrapte gevoelens van die Natallers wat vrees dat die nasionale regering die Unie-Grondwet gaan skend en 'n Afrikaanse republiek gaan uitroep!**

Senator Nicholls wil hê dat oorlewende Natallers wat 39 jaar gelede gestem het ten gunste van Natal se toetrede tot die Unie van Suid-Afrika nou 'n hofbeslissing moet aanvra oor die wetsgeldigheid van wysiging van die verskanste klousules van die grondwet sonder 'n twee-derde meerderheid van albei huise van die parlement in 'n gesamentlike sitting.

Oënskynlik laai daar 'n histerie in Natal op wat gevoed word enersyds deur uitsprake van ministers J. G. Strydom en Eric Louw en andersyds deur die Afrikaners se geesdrif vir die onthulling van die Voortrekkermonument.

Mnre. Strydom en Louw beklemtoon herhaaldelik in hul uitlatings dat die huidige regering die verskanste klousules van die grondwet gaan verontagsaam en dat hy sy gang sal gaan ongebonde deur 'n grondwet wat 40 jaar gelede opgestel is. Nou vrees die Natallers dat die regering gebruik gaan maak van die Afrikaners se geesdrif en ontvanklikheid, wat die onthullings-verrigtinge van die monument gaan veroorsaak, om 'n Afrikaanse „herrenvolk"-republiek op Monumentkoppie uit te roep en in hul kele af te druk.

Dit is natuurlik 'n vergesogte gedagte.

Die Natallers kan gerus slaap. Solank dr. Malan eerste minister is sal daar nie 'n republiek in Suid-Afrika uitgeroep word nie. Nie by Monumentkoppie nie en ook nie in die Parlement nie. Nie 'n republiek buitekant die Empire nie en selfs nie eens 'n republiek binnekant die Empire nie.


**O.B. - FONDSDAG**

**word gehou deur die Montagu-kommando op**

*SATERDAG, 20 AUGUSTUS*

**IN DIE O.B.-SAAL**

★ *Verkopings begin om ¼-uur nm.* ★

●

**Om 8-uur nm. tree WAG-GENERAAL MAX SMUTS as spreker op**

●

*ALLE AFRIKANERS WELKOM!*

# Australië Breek Rooies Se Mag In Vakbond

**Chifley, Australië se Arbeider-eerste minister, het die Kommuniste in die land se vakbondbeweging die eerste verpletterende nederlaag toegedien. Nadat die Kommunistiese leiers van die Mynwerkersvakbond hul lede gedwing het om vir sewe weke te staak, het die werkers self die Kommunistiese leiers van hul vakbond verwerp en besluit om werk te hervat op 15 Augustus. Op hierdie wyse het die groot steenkool-staking ten einde geloop sonder dat die werkers iets daarby gewen het en met wantroue in die Kommunistiese leiers van die vakbond.**

Die kommunistiese leiers van die vakbond het gereken dat Australië so afhanklik is van 'n gereelde daaglikse aflewering van steenkool uit die myne dat hulle enige onredelike eis kan stel en dat die regering verplig sal wees om daaraan toe te gee ten einde 'n gereelde aflewering van steenkool te verseker.

**DRASTIESE OPTREDE**

Maar hulle het gereken sonder Chifley. Hy het ferm opgetree. **Hy het geweier om met die kommuniste te onderhandel. Hy het beslag gelê op die vakbond se fondse ten einde te verhoed dat geld aan die stakers uitbetaal word. Hy het agt kommunistiese belhamels in die tronk gestop. Daarna het** Chifley troepe gebruik om steenkool te grawe ten einde noodsaaklike dienste aan die gang te hou.

Die gevolg was die vernietiging van die kommuniste se wurggreep op die Mynwerkersvakbond. Deur sy kragtige optrede teen die kommuniste in die vakbondwese van sy land het Chifley die posisie van die Arbeidersregering in Australië oneindig versterk en het hy tewens aan ander demokratiese regerings 'n navolgingswaardige voorbeeld gestel.

# V.V.O. Is Kanaal Vir Rooi Spioenasie

**Mev. Ruth Fischer, suster van Gerhard Eisler, die voormalige Kommunistiese leier in Amerika, het 'n geheime vergadering van die senaat se geregtelike onder-komitiee meegedeel dat Rusland van die Verenigde Volke gebruik gemaak het om sy spioene in die Verenigde State te versterk.**

Sy het verklaar dat sy eens 'n vooraanstaande lid van die Duitse Kommunistiese Party was, maar dat sy in 1926 daarmee gebreek het. Sy het in 1947 'n Amerikaanse burger geword.

**Mev. Fischer het gesê dat Russiese spioene in verskillende Russiese diplomatieke, handels- en ander afvaardigings, wat na die Verenigde State gekom het, wegkruip.**

Onlangs is hierdie korps versterk deur afvaardigings uit Rusland en sy satelliete.

Sy het ook getuig dat 'n Franse vrou, wat sy beskryf het as hoogs gevaarlik, toegang tot die Verenigde State verkry het omdat haar organisasie deur Trygve Lie, sekretaris-generaal van die Verenigde Volke, erken is.

# MOSKOU BESLUIT OM MAARSK. TITO TE LIKWIDEER

**Marskalk Tito, Kommunistiese diktator van Joego-Slawië, het in 'n toespraak gesê dat Joego-Slawië 500,000 man beskikbaar het waarmee hy enige aanval sal afweer. Lede van die Kominform-lande het 'n oog op Joego-Slawië, en hoewel hy nie verwag dat Rusland die land sal aanval nie, is die gevaar van oorlog met die Kominform-lande nie uitgesluit nie. Laasgenoemde steun 'n veldtog om Joego-Slawiese Macedonië af te skei en dit met Griekse en Bulgaarse Macedonië in 'n nuwe onafhanklike staat te verenig.**

**Moskou het verlede week 'n nota aan Joego-Slawië gestuur waarin hy aankondig dat hy met die land breek as 'n bondgenoot. „Die Sowjet-regering kan die Joego-Slawiese regering nie meer as 'n bondgenoot beskou nie," lui die nota.**

**Daar word berig dat Rusland baie verontrus voel oor die mate van invloed wat Tito in die Balkan-lande besig is om te wen in sy stryd teen die Kremlin en die Kominform (Kommunistiese internasionale organisasie).** Tito se kommunisme word deur Moskouse Kommuniste as te nasionaal beskou en daarom afwykend van die internasionale kommunisme. Aangesien die Balkan-volke sterk nasionaal bewus is, lê hul simpatie eerder aan Tito as aan Moskou se kant, en die feit dat Tito homself solank kon handhaaf teen die gramskap van die Kremlin, het sy invloed aansienlik laat toeneem. **Gevolglik het Moskou besluit dat dit tyd geword het om Tito op een of ander wyse te likwideer.**

**Tito het egter ook sy moeilikhede. Binnelandse toestande is nie te gunstig nie, byvoorbeeld die behuisingsnood is so groot dat die woonrantsoen op vyf persone per vertrek vasgestel is.** Die beskuldiging dat hy deur die kapitaliste omgekoop is, het ook diep ingeslaan in kommunistiese kringe in Joego-Slawië, sodat Tito slegs op ongeveer tweederdes van sy party-lede se trou kan reken.

Intussen so verklaar waarnemers, is Tito besig om ongemerk te mobiliseer met die oog op die kragmeting wat hy weet uiteindelik moet kom nadat Moskou besluit het op sy liwidering.


# V.S.A. GOEWERNEUR WIL JODE BEHOU IN DUITSLAND

**„Dit is heeltemal onmoontlik om in aanraking te kom met die Joodse gemeenskap in die Sowjet-beheerde deel van Duitsland, omdat die Russiese owerheid weier om enige inligting omtrent die Jode beskikbaar te stel," het Harry Greenstein aan die konferensie van verteenwoordigers van die Joodse Wêreldorganisasie en van die Beheerraad van Ontwortelde Jode, meegedeel.**

Die konferensie het in Heidelberg plaasgevind en Greenstein is die Amerikaanse militêre regering in Duitsland se adviseur oor Joodse aangeleenthede. Hy het gesê dat daar 15,000 Jode in Sowjet-Duitsland moet wees. In Geallieerde Duitsland is daar tussen 55,000 en 60,000 Jode. Na skatting sal 50,000 van hierdie Jode in die loop van die jaar emigreer. **Die getalle van die agterblywendes sal bepaal word deur die lewensomstandighede wat vir hulle in Duitsland geskep word.**

**„MOET BLY"**

John McCloy, militêre goewerneur in die Amerikaanse besetingsgebied, het die belangrikheid benadruk dat 'n permanente Joodse gemeenskap in Duitsland moet ontwikkel. „Die wêreld sal die nuwe Wes-Duitse staat noukeurig dophou", het hy gesê, „en sal die nuwe staat toets aan sy houding teenoor die Jode en aan sy behandeling van hulle."

Heferleerling Jannie Vermeulen.

**Stoere Manlikheid kan u ook verkry**

**Skryf aan:**

Die Hefer-instituut van Gesondheid en Liggaamsontwikkeling, Posbus 3494, Kaapstad.

Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u kursusse.

Naam (Mnr./Mev./Mej.) ..............................

..............................

Adres: ..............................

..............................

Ouderdom: ..............................

O.B. 25/5/49.


# Polisie Wat Tydens Oorlog Ontslaan Is Weer Opgeneem

**Twee-en-negentig polisie-beamptes wat tydens die oorlog uit die Suid-Afrikaanse polisie ontslaan is as gevolg van hul politieke bedrywighede, word weer die geleentheid gebied om by die polisiemag aan te sluit.**

Tot verlede week het reeds 56 man weer in diens getree. Aan hulle is twee maande verlof toegestaan. Vier persone het geweier om weer aan te sluit, terwyl die res se aansoeke nog oorweeg word.

Dit is die beleid van die polisiemag om slegs manne terug te neem wie se gedrag in die mag en na hul ontslag bevredigend was, is verklaar. Diegene wat skuldig bevind is weens sabotasie of enige ander oorlogsmisdaad is nie geskik nie.

Die besluit om hierdie manne terug te neem is geneem deur 'n kommissie wat verlede Desember aangestel is om ondersoek in te stel na die herindiensneming van oud-geïnterneerdes.

# SERUM TE KOOP WAT JONK MAAK

'n Nuwe verjongingserum, wat deur die laboratorium-hoof van die Pasteur-instituut ontwikkel is, mag binne die eerskomende paar maande aan die publiek beskikbaar gestel word, as die proewe wat op die oomblik onderneem word, deurgaans geslaagd blyk.

'n Woordvoerder van die Pasteur-instituut, verklaar dat die nuwe serum merkwaardige helende en beskermende eienskappe het.

Daar word nou proefnemings met mense onderneem, nadat daar 18 maande lank geslaagde proewe op diere uitgevoer is.

Hierdie serum is deur die hoof van die laboratorium van hierdie wêreldberoemde inrigting, dr. Michael Bardach, ontwikkel.

'n Paryse weekblad, wat die eerste berig oor hierdie serum gepubliseer het, verklaar dat dit 'n fotograaf wat aan die gevolge van oorwerk gely het, so verjong het, dat hy vol energie is en 'n nuwe bos hare ontwikkel het.

Die weekblad verklaar dat 'n afgeleefde en afgetrede toneelspeelster wat jarelank aan rumatiek gely het, weer haar bene normaal kan gebruik nadat sy die serum gebruik het.

As al die proewe geslaagd blyk, sal die serum miskien vanaf 1 Januarie 1950 by apteekerswinkels verkoop word, volgens 'n woordvoerder van die Pasteur-instituut.

# Nywerheidshof Voorgestel

Die voorstel om 'n Nywerheidshof vir Suid-Afrika in te stel in die plek van die bestaande loonraad, arbitrasierade en versoeningsrade is gedoen deur die Koördinerende Raad van S.A. Vakverenigings in Pretoria aan die Kommissie insake Nywerheidswetgewing.

'n Voortreflike aspek van die voorstel is dat die hof sal bestaan uit 'n gelyke aantal verteenwoordigers van die werknemers en van die werkgewers met 'n regter as onpartydige voorsitter.


# IS U 'N REPUBLIKEIN?

# Dan is DIE O.B. u blad

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..............................

vir die eerste..............................maande.

NAAM: ..............................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..............................

..............................

..............................

..............................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.
**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### VERLOWING

**VERCUEIL — VILJOEN.** — Ons, Joey Vercueil van Dendron-skool, en Paul Viljoen van Mokeetsi, wens hiermee aan familie en vriende en vriendinne bekend te maak dat ons onlangs verloof is. 17/8/1B.

### TE KOOP

**ASPEDISTRA, POTPLANTE,** immergroen en gesond. Enige hoeveelheid. Vier pennies per steggie. K.M.B.— **P. Kilian, Bus 54, Middelburg....Tvl.**

### TE KOOP

**ALSATIAN-HONDJIES** uit kampioenstamboekouers, 4½ maande oud. Kwaai en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3/-. — **Zeeman,** Robertson. TK/30/3

**VOORTREKKERPAK:** Klapbroek, geblomde onderbaadjie en swart baadjie. Mansgrootte No. 4, splinternuut. Beste kwaliteit. Eerste tjek van £5 kry dit.— **P. Kilian, Bus 54, Middelburg......Tvl.**

**BEESTE:** Opreggeteelde ongeregistreerde Frieslandbulletjies, nege maande oud; Brakfontein-Bottermyn-bloed uit 8-10-gellingkoeie . Ook koeie en verse. **Zeeman,** Robertson 13/7/T.K.

**BOERMEEL** met ons bekende steenmeule gemaal 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — Lê-meel 26/6; Melkmeel 22/6; Vark-vetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kombuisstowe met skoorsteenpype: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-. Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.

**WATTELPALE TE KOOP:** 6 voet wattelpale 9d. elk. Dun pale vir tussen-in £3 10s. per 1000. Gelewer Charlestownstasie. Bestel: L. S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown. 10/8/56.

**DEKRIET: DEKRIET:**— Stuur u betellings vir Dekriet aan ondergetekende. Net die beste gehalte riet onder persoonlike toesig word gelewer. **J. S. Badenhorst, Bus 3, Albertinia.** 22/6/4.

### GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

### GROENTESAAD

**VARS GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE GROENTESAAD:** Chantenay Wortel 6/6; Detroit Beet 5/6; Ice Cream Waatlemoen 8/6; Wonder en Tom Watson Waatlemoen 7/6; Honey Dew Spanspek 7/6; Little Gem, Langwitbos en Groen Hubbard Skorsie 8/-; Marvel Tamatie 30/-; Beauty and Marglobe 32/6 lb., 9/- ¼ lb. posvry. Volledige pryslys gratis van **KANGO SAADKWEKERS,** Posbus 107, Oudtshoorn. 13/7/T.K.

### GRYSHARE

**GRYSHARE en BAARD** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling.— **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3) 17/8/T.K.

### MEDISYNE

**BLY JONK.** Gryshaarwonder verras die wêreld. Herstel gryshare tot natuurlike kleur, verwyder skilfers, ens., of geld terug. Geen kleurstof. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 3) 2/3/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.** 19/1/TK

### TEE

**CEDERBERG-ROOIBOSTEE:** Ondersteun u eie S.A. produk; suiwer eerstegraad spesiaal gekweek vir sy besondere geur en voordeligheid: **Verpakker „Teekoning", Citrusdal, K.P.** 22/6/TK.

Gebruik
**EPOL**
GEBALANSEERDE
**RANTSOENE**
*vir*
**Maksimum-Produksie**
*en*
**Groter Besparing**
**EPOL**
S.A.P.V.
**Pluimvee Mengsels en Pille**
**EPOL**
**Suiwel- Kalf- en Varkmeel**




VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414

### PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown**

**Al dra 'n dominium 'n republikeinse ring, hy is en bly 'n Empire-ding.**

**BRILLE**
**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

## Soos Ons Lesers Dit Sien

### OPROEP VIR FONDSDAG

**Mev. J. Theron, Koffiefontein, skryf:**

Fondsdag is weer aan die beurt en dwing ons om in eensgesindheid op te trek vir: „My God, my volk, my land Suid-Afrika." Weereens soek ons die hande van ons volksgenote.

Ten einde die pragtige belofte vervuld te sien wat ons Opperste Leidsman belowe in Jesaja 58 moet ons ook daardie voorwaardes wat Hy daar stel nakom. Laat ons alle verskille opsy skuif en net onthou dat in samewerking ons krag lê en dat dit 'n vereiste is want, ons nasie is in nood en verg die nouste samewerking van elke man, vrou en kind.

### SKAKEL HULLE MET SMUTS?

**„Republikein", Stellenbosch, skryf:**

Ek lees nou-die-dag in my koerant 'n berig oor die aanstaande algemene verkiesing in Wes-Duitsland. En wat sou ek sien? Duitse nasionaliste versprei pamflette onder die Duitse kiesers waarin 'n beroep op hulle gedoen word om die „besetters"-verkiesing te boikot deur buite stemming te bly. Hoe verkeerd tog van hierdie nasionaliste! Sou die mense miskien „met Smuts skakel"?

### STAAN VAS

**Mnr. C. J. Burger, Pk. Makoffa, skryf:**

Hiermee stuur ek my intekengeld aan Die O.B. Ek en my huis staan by dr. Van Rensburg, en ek glo: „Lank lewe die Ossewabrandwag."

# Kongresse Kan Tussen Twee Metodes Kies

**In 'n klinkende hoofartikel vergelyk Die Vaderland, mondstuk van die Afrikanerparty, die twee tegnieke wat enersyds op die kongres van die Nasionale Party van Suidwes en andersyds op die kongres van die Nasionale Jeugbond van Transvaal gevolg is. Die eerste noem die blad „'n toonbeeld van hoe eenheid onder eensgesindes beseël kan word" en die tweede noem die blad „roet in die kos gooi". Die kongresse wat nog gehou moet word, sal hulle keuse tussen die twee tegnieke moet doen, verklaar die blad. Die Vaderland skryf:**

In Windhoek hou die Nasionaalgesindes saam kongres. Dit is 'n toonbeeld van hoe eenheid onder eengesindes beseël kan word. Ook is dit 'n aan te bevele voorbeeld van hoe daar opgeruk moet word tot die gemeenskaplike stryd. Want Suidwes-Afrika staan voor 'n verkiesing, 'n verkiesing waarin gehoop word om die plaaslike mag te ontworstel aan die Verenigde Party, sowel as om die Unieregering se steeds bedenklike posisie deeglik te versterk. So is Suidwes se Nasionaalgesindes 'n ligtende voorbeeld vir almal wat Afrikanereenheid werklikheid wil sien.

### DIE GEHEIM

Die geheim van hierdie welslagende samesnoering is tog so eenvoudig. **Dáár het dr. Manie Steyn en die Nasionale Party reeds by die uitgang van Mei padlangs verklaar dat hy hom tot geen diskriminasie teenoor gelykgesindes gaan leen nie wat betref nóg lidmaatskap nóg ampsdraers nóg kandidate. Niks meer nie. Hiermee was alle moeilikhede opgelos.** Dadelik het mnr Harm Oost, voorsitter van die Afrikanerparty, die aangebode hand aanvaar en sy volgelinge aangeraai om tot die Nasionale Party toe te tree. Hierdie groothartige beslissing is sedertien ruim onderskryf in 'n amptelike verklaring deur mnr. Isak Cronje, leier van die Afrikanerparty in die Gebied, en sonder meer is dit ook ten uitvoer gelê. Die gevolg is die eenheidskongres wat daar tans aan die gang is in Windhoek, asmede geslote geledere in die verkiesing wat voorlê.

Deur hierdie optrede het die Nasionaalgesindes van Suidwes-Afrika vanselfsprekend iets aan die gang gesit wat nie sonder sy invloed op die Unie-politiek kan wees nie. Dit is nou die tyd van kongresse. Die volk sal derhalwe moet meepraat en hy sal hom nie meer hoef te laat weerhou deur konsiderasies van die delikaatheid van die situasie nie.

Die parlement het nou twee Sittings onder die nuwe Regering agter die rug. Hy het proefondervindelik met sy inwendige moeilikhede te kampe gekry en dit het geblyk dat waar dit nie aan goeie wil ontbreek nie en waar daar geen moedswilligheid aan die dag gelê word nie, elke struikelblok te bowe gekom kan word.

### RESULTAAT

Die resultaat sien ons in die verleentheid van die Smutskamp, 'n verleentheid wat telkens dreig om oor te gaan tot wanhoop. Daar bly nou vir die Verenigde Party maar een dowwe skemering van hoop oor en dit is geleë in die neiging by sommige van ons voormanne om, wanneer dit skyn dat daar so 'n bietjie afdraande voor is, rotse op die pad af te rol. Die eerste politieke kongres by ons, dié van die Jeugbond, het hom laat kenmerk enersyds deur dr. Malan self in die gesig te vat oor die republikeinse aangeleentheid, andersyds deur mnr. Havenga te kenne te gee dat daar „desnoods" sonder hom kleurwetgewing deurgedruk kan word. Ons laat dit daar dat niemand nog kan sê nie wat die inhoud van die wetgewing sal wees waaroor daar by voorbaat skoor gesoek word. Ook gaan ons hier nie dieper in op die implikasies van so 'n dreigement vir ons Minister van Finansies, wat juis op die oomblik besig is om lewensbelangrike en uiters delikate onderhandelings vir Suid-Afrika in die buiteland te voer nie. **Ons stel alleen maar hierdie manier van roet in die kos gooi teenoor die pragtige welslae van 'n bietjie welwillendheidsvertoon in Suidwes-Afrika en ons vra die kongresse wat voor die deur staan om hulle keuse tussen twee tegnieke te doen.**

# AGT L.V.'s STERF IN 15 MAANDE

**Mnr. Harold Abrahamson, L.V. (Verenigde Party, Drakensberg, Natal) is verlede Dinsdag oorlede te Mooirivier nadat hy pas ontslaan is uit 'n Pietermaritzburgse hospitaal na 'n aanval van longontsteking.**

Mnr. Abrahamson is in 1948 verkies met 'n meerderheid van 2972 stemme oor sy H.N.P.-teenstander, mnr. J. G. W. Beyer.

Sedert die huidige en tiende parlement van die Unie in 1948 saamgestel is, is mnr. Abrahamson die agste lid wat gesterf het. Die vorige parlement het gedurende sy hele lewe vanaf Julie 1943 tot April 1948 dertien lede deur die dood verloor.

Die dood het die meeste slagoffers onder die lede van die Verenigde Party geëis, naamlik vyf, te wete mnre. J. H. Hofmeyr; R. W. Bowen; T. P. Gray; H. A. Johnson en H. A. Abrahamson. Die Herenigde Party het twee lede varloor, mnre. Paul Roos en J. L. Brill, en die Arbeidersparty een, dr. T. W. B. Osborn.

In die Natalse kiesafdeling Drakensberg sal die elfde tussenverkiesing sedert die algemene verkiesing moet gehou word. Die addisionele drie tussenverkiesings is veroorsaak deur die bedankings van mnr. J. J. Haywood (H.N.P., Bloemfontein Distrik); Kol. K. Rood (V.P.-Vereeniging); en mnr. Max Sonnenberg (V.P.-Suid-Skiereiland).

In Verenigde Party kringe bestaan die vermoede dat dr. Louis Steenkamp nominasie sal soek in die kiesafdeling Drakensberg. Hy is verlede jaar deur mnr. Boy Fullard (A.P.) in Vryheid verslaan.

Die tussenverkiesing in Mayfair vind vandag plaas. Die kiesafdelings Benoni, Suid-Skiereiland en Drakensberg is nog vakant.

# VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk.

### AUGUSTUS


19 Corrie du Toit, P.K. Matooster.
A. J. Wagener, Oudtshoorn.
20 Gloudina Kotze, Johannesburg.
Mariana Potgieter, Oor Kakamas.
Anna Arangies, Paarl.
Hugo van Zyl, Paarl.
21 Maria van Wyk, Elliott.
Gerhardus Petrus Grobler, Zeerust.
22 Erns Nieuwoudt, Dist. Vryburg.
Willem Nel, Oor Kakamas.
(Vervolg in volg. kolom)

(Vervolg van vorige kol.)
Kobie Stander, Oudtshoorn.
Johanna Marx, Pietersburg.
23 Rulofina Nortjé, P.K. Philippi.
San Gerber, George.
24 Frikkie de Beer, Oor Kakamas.
Christiaan Auret, Paarl.
M. Swiegelaar, Oudtshoorn.

## BOEREJEUG:

# BOEREJEUGLAERTREK 16 DESEMBER PRERORIA

**Boerejeug, ons het so pas kennis ontvang dat ons heelwaarskynlik 'n eie terrein by die Voortrekkermonument, Pretoria, gaan kry, waar ons ons eie laer vir die onthullingsfees kan saamtrek.**



Sover is dit die plan dat die Boerejeug van uit alle dele van die land, vanaf 12 tot sê 18 Desember, daar gaan laerslaan. Dink net daaraan hoe wonderlik gaan dit wees!

Vir hierdie nuus wag julle seker al lankal. En die meeste van julle is seker al net op die punte van julle tone om weg te kom.

Maar daar is baie reëlings wat vir so 'n laer getref moet word, en om alles vlot te laat verloop, moet elkeen wat wil gaan, meehelp.

Elke week of veertien dae gaan ons besonderhede i.v.m. die laertrek in „Die Boerejeug" publiseer. Hou nou verseker mooi dop en as ons vir julle om inligting vra, stuur dit tog dadelik aan. Veral word offisiere versoek om onmiddellik te reageer. Aparte omsendbriewe volg ook eersdaags.

Eers moet ons weet hoeveel persone die laer sal bywoon. Gaan sê dus dadelik vir julle ouers van hierdie laer, en vra hulle baie mooi of julle saam met die Boerejeug mag gaan. Vertel vir hulle hoe lekker dit sal wees en hoe graag julle sal wil gaan!

En dan dam julle elkeen van julle maats by. Ons gaan ook nie-Boerejeuglede in die laer toelaat, dus kan van jou maats ook saamgaan. Hou aan by hulle om saam met die Boerejeug te gaan. Hulle sal dit baie geniet.

Ons gaan probeer reël dat ouers ook 'n plekkie in ons laer kry. Dus, ouers, as daar van u is wat saam wil gaan, hou maar „Die Boerejeug" dop!

Besonderhede oor treine, treingeld, laerfooie, tente, ensovoort, verstrek ons so gou moontlik.

**DIE BELANGRIKSTE IS: Maak seker of jy (en jou maats) kan gaan en besluit dat „EK GAAN SAAM MET DIE BOEREJEUG!"**

### Boerejeug

**Weens gebrek aan plaasruimte moet die res van die Boerejeugblad hierdie week ongelukkig oorstaan. Die verjaardagketting verskyn op bladsy ses.**

## Skrikwekkende Aardbewing

Byna 15,000 mense uit 'n totale inwonertal van 100,000 het die lewe gelaat in 'n skrikwekkende aardbewing wat die sentrale gedeelte van die Suid-Amerikaanse staat Ecuador getref het. Dosyne dorpies het eenvoudig verdwyn en selfs heuwels het inmekaar gestort en huise toegeval.

BESTEL ALTYD ALLE
• KANTOORBENODIGDHEDE
• KANTOORMEUBELS
• SKRYFBEHOEFTES
BY
SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.
Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD

# Geen Protes Meer Teen Idee Van Brittanje As 49ste Lid Van V.S.A.

**Hoewel die stigting van die Europese Raad wat verlede week vir die eerste maal in Straatsburg, Frankryk, byeengekom het, 'n stap in die rigting van groter vereniging van die Europese state is, gaan hierdie instelling in die oë van baie nog nie ver genoeg om die verdeeldheid van Europa te besweer nie. Die liggaam het slegs adviserende mag. Sowel in Amerika as in Engeland gaan daar stemme op om Europa in 'n federasie saam te snoer wat die ongesonde mededinging van die nasionale state kan beëindig.**

In die Amerikaanse senaat is hiervoor gepleit en die Britse blad „Observer" het hom met die gedagte vereenselwig. Hulle wil dat die Atlantiese verdrag wat onderlinge militêre hulp waarborg, uitgebrei moet word tot 'n politieke federasie.

„Solank die Atlantiese gemeenskap in verskillende state verdeel is, word die Amerikaanse rykdom op ongesonde wyse geblokkeer," verklaar die blad. „Die verwydering van hierdie gevaar is alleen moontlik binne die raamwerk van 'n Atlantiese federale staat, want alleen binne so 'n staat sal die moeilikhede vanself regkom deur die vrye beweging van mense en geld."


'n Berig in die Engelse pers meld dat hierdie gedagte 'n jaar gelede doodgeskreeu sou geword het, maar vandag word die idee dat Engeland die 49ste en Frankryk die 50ste staat van die Amerikaanse Statebond moet word, sonder kommentaar aangehoor.

## Kommuniste Stel Naturel As Kandidaat

Die kommuniste word steeds meer astrant in Kaapstad waar die Kommunistiese L.V. mnr. Sam Kahn, deur sy teenwoordigheid in die parlement nuwe prestige vir sy party verseker het. Die party het hierdie keer vir die stadsraadsverkiesing besluit om 'n naturel as kandidaat te stel in die persoon van A. Laguma.

Die kommuniste het reeds 'n hele paar verteenwoordigers in die stadsraad van Kaapstad.

**Die verskriklike droogte in Oos-Londen duur nog steeds voort. Vir die derde maal het 'n tenkskip water by Durban ingeneem vir die geteisterde stad. Hoewel die water 'n olie-smaak het, word dit gretig gedrink.**



TE KOOP! £5!!

—Nee, dis nie 'n *paaiement* nie maar bloot die paar pond wat dit u mag kos om u huis en sy inhoud teen brandskade te verseker.

Sorg dat u huis en die inhoud u eiendom sal BLY, deur—

'n SANTAM - Brandpolis

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONA[AL] TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK

Takke en Agentskappe Ora[l]

2808-4a

## Biltonghandelaars Word Bedreiging

Stappe word tans deur die Transvaalse Administrasie gedoen om die uitroeiing van wild in Betsjoeanaland aan die Transvaalse grens, te probeer voorkom. Vertoë sal gerig word aan die Britse Hoë Kommissaris. Na verklaar word, word daar tans enigiets naby 75,000 stuks wild per jaar in daardie gebied doodgeskiet in belang van sekere biltonghandelaars wat soveel as 50 ton biltong per maand na die Transvaalse mark stuur. Hierdie hoeveelheid biltong verteenwoordig oor die 3,000 stuks wild per maand.

Die biltongnywerheid se inkomste word op ongeveer £40,000 per jaar bereken en word gedryf deur blankes wat naturelle huur om die wild op groot skaal dood te skiet. Hierdie massaslagting vind veral plaas in droë seisoene wanneer die wild afkom na die omgewing van e Limpopo. Gevoel word dat indien stappe nie gedoen word om die slagting te voorkom nie, die wild met algehele uitroeiing bedreig word.

Die vermoede is ook dat 'n groot deel van die biltong verkry word van donkies, bobbejane en ander gediertes.

## Nuwe Reëling Vir Buitelandse Vereffening

**'n Stelsel van ruilhandelkrediet is besig om tussen die Unie en ander lande te ontwikkel as gevolg van die ongunstige betalingsbalanse.** Goedere wat anders die land nie kon inkom onder die invoerbeheer nie, word nou toegelaat op voorwaarde dat die geld wat daarvoor betaal moet word, in die Unie belê word vir 'n vasgestelde tydperk. Een van die eerste soorte goed wat hiervoor in aanmerking gekom het is whisky, en tans is daar sprake dat Amerikaanse rolprente ook op die wyse die land binne gelaat sal word. Daar word egter verklaar dat die stelsel hoofsaaklik aangewend sal word om noodsaaklike goedere soos masjinerie ingevoer te kry.


Waarnemers wys daarop dat dit 'n goeie beleid is indien daar sekerheid bestaan dat die Unie se geldelike posisie oor tien jaar, wanneer die voorwaarde verval, gesond sal wees. Indien nie, word die kwade dag slegs uitgestel.

*Indien u graag 4 % rente op u spaargeld wil verdien, tree in verbinding met u eie onderneming.*

SAAMBOU
(Permanente)
BOUVERENIGING

HOOFKANTOOR:
Sanlam-gebou — Waalstraat 28 — Kaapstad
TAKKANTOOR:
Transvalia-gebou — Sentraalstraat — Pretoria
• Bate oortref £1,350,000 •

G 24029




Rook
SPRINGBOK
Medium
DIE GELUKKIGE KEUSE

# Japanners Keer Vet En Rooi Uit Sowjet-Kampe Terug

**Rusland is tans baie geredelik om van sy miljoene krygsgevangenes te laat terugkeer, en dit geld veral die Japanners. Waar hy voorheen net die siekes en gebreklikes laat terugkeer het, is die nuutste besending krygsgevangenes wat in Japan aangekom het, vet en gesonde mense. Maar hulle is politiek deur en deur krank.**

Toe die eerste skip met sy vrag van 2,000 anker gooi, was die amptenare verbaas om die hele mense-vrag die Kommunistiese internasionale uit volle bors te hoor sing. Die teruggekeerdes beskou hulself as 'n bevrydingsleër wat Japan tot die kommunisme moet bekeer. Hulle is presies die teenoorgestelde as die gevangenes wat verlede jaar moeg en afgeleef aangekom het.

Die Russe het blykbaar die afgelope jaar die nuwe taktiek begin om die krygsgevangenes met goeie behandeling en gereelde bearbeiding tot kommunistiese profete oor te haal.


Tot so 'n hoogtepunt is hul rooi koors opgewerk dat 'n groot persentasie van die aankomelinge weier om na hul familie terug te keer. Hulle wil daar en dan met hul politieke sendingwerk begin.

Party weier selfs om hul demobilisasie-dokumente in ontvangs te neem. Hul eerste besoek is aan die Russiese gesantskap. Sodra hulle egter met hul familie in aanraking kom koel hulle af, word verklaar.

## 113 Indiërs Gaan: 993 Het Gekom

Met nog 22 Indiërs wat gebruik gemaak het van die regering se verhoogde repatriasieskema, het daar nou altesame 113 Indiërs die afgelope jaar uit Suid-Afrika na Indië verhuis. Wat die syfers is vir Indiërs wat in hierdie tydperk die land binnegekom het, is nie bekend gemaak nie, maar volgens inligting wat die Minister aan die parlement verskaf het, het daar gedurende 1948 993 Indiërs die land op wettige wyse binnegekom. Dit is bekend dat aansienlike getalle die grense van die Unie ook op onwettige wyse oorsteek. Wat die aanwas langs hierdie weg is, kan uit die aard van die saak nie bepaal word nie.


DIT MOET 'n PHILIPS WEES



6-VOLT-STEL MODEL 620V

- BATTERYTOESTEL MET EKSTRA GROOT WYSTERPLAAT
- LEWER 6-GLOEILAMPIE-WERKVERRIGING
- GROOT LUIDSPREKER VAN 6 DUIM
- VAN 16 METER — 550 METER
- VOLMAAKTE OORSESE OPVANGS
- AANTREKLIKE KABINET

KONTANT £27-0-0 KONTANT

Of Deposito van £5/2/9 en 20 maandelikse paaiemente van £1/5/6
Wisselstroom- en Gelykstroom-modelle ook verkrygbaar

Die voordeligste vir enige man is Morkel se Afbetalings Plan

Phil Morkel

★ LANGSTRAAT 105 KASTEELSTRAAT 23
GROOTE KERK-WANDELGANG KAAPSTAD
POSBUS 2721 OOK BELLVILLE EN PAARL

AAN PHIL MORKEL, POSBESTELLINGSAFDELING, POSBUS 2721, KAAPSTAD.
Stuur asseblief besonderhede omtrent:
☐ Elektriese Tafelradio ☐ Tafelgramradio
☐ 6-Volt-Tafelradio ☐ Lae Gramradio

NAAM ....................

ADRES ....................

.................... B30/6


# Vervolgers In Duitsland Word Vervolgdes

*Waarskuwing Van Jood Bewaarheid*

**Diepe besorgdheid kwel demokratiese kringe oor die wending wat die politiek in Duitsland besig is om te neem. Berig na berig meld dat Nazisme besig is om sy kop weer uit te steek, en dat daar 'n algehele omploeging sedert die eerste dae na die oorlog plaasgevind het. Dit geld veral diegene wat met groot ywer na beëindiging van die stryd op die voorpunt was om die Duitse volk te „denazifiseer". Hierdie denazifikasie-amptenare kry dit baie moeilik om vandag werk te vind in Duitsland. Aangesien 'n groot deel van hulle Jode was wat met 'n oogmerk op wraak gretiglik die ampte aanvaar het, is dit nie onwaarskynlik dat hierdie verskynsel met die kwaai anti-Joodse gevoel wat op die oomblik in Duitsland heers, in verband staan nie.**

Die Duitse skrywer Thomas Mann, wat so pas vanuit Amerika 'n besoek aan sy vaderland gebring het, het by sy terugkeer verklaar dat die Nazigesindheid weer opgestaan het. **Hy het gesê dat meeste Duitsers kla dat hulle beter behandel was onder die Hitler-bewind as vandag.** Die rede hiervoor is toe te skrywe aan die na-oorlogse ellende en die bestuur van die besetters.

**Inmiddels word berig dat die personeel van die denazifikasiehowe wie se taak nou min of meer afgehandel is, dit uiters moeilik vind om nuwe werk te kry. „Hulle is 'n nuwe klas onaanraakbares," skryf 'n korrespondent.** Sowel die staatsadministrasie as private ondernemings toon 'n groeiende vyandiggesindheid teenoor voormalige amptenare van die denazifikasiehowe. Departemente wat hulle in diens geneem het, ondervind dat die publiek en hul mede-amptenare hulle met groot vyandigheid bejeën. Selfs die wetgewing wat vereis dat denazifikasie-personeel in diens geneem moet word, is nie in staat om veel aan die toestand te verhelp nie.

### BAIE MOEILIK

In Beiere het 'n stadsraad wat geweier het om drie persone in diens te neem, verklaar dat dit „nouliks moontlik is om sulke mense in te neem weens die vyandigheid jeens die denazifikasie-stelsel." 'n Amerikaanse militêre amptenaar wat die saak ondersoek het, se bevinding was dat hoewel die stadsraad die wet erken, dit moeiliker as tandetrek is om 'n werknemer te plaas.

Hierteenoor is diegene wat deur die denazifikasie-howe vrygespreek is, reeds almal in hul vorige posisies in die staatsdiens opgeneem.

Maar selfs aanhangers van die Nazi-party is oral herstel. Volgens syfers van die Amerikaanse militêre regering is daar in sommige departemente tot 80 en 90 persent Nazi-amptenare. Die toestand word deur die oorwinnaars in so 'n ernstige lig beskou dat die Amerikaanse militêre goewerneur aangekondig het dat hy 'n deurtastende ondersoek gaan laat instel.

### JODE

In hoever hierdie antipatie teen denazifikasie-personeel ook voortspruit uit die anti-Joodse gevoel of andersom, kan nie presies vasgestel word nie. **maar dat daar verband bestaan, kan afgelei word uit die feit dat, ook volgens Joodse verklarings, 'n baie groot gedeelte van die denazifikasie-amptenare Jode was wat hulle op die Hitler-bewind wou wreek, en dit is** aanvanklik selfs deur die Amerikaanse militêre regering aangemoedig. So was die hof- en tronkpersoneel van Neurenberg feitlik uitsluitlik Jode. Tot so 'n mate het hierdie verskynsel hom voorgedoen dat selfs 'n vooraanstaande Jood in die pers teen hierdie praktyk gewaarsku het. **Dit kan uiteindelik tot geen goed vir die Jode lei nie, het hy indertyd gesê.**

### BEWAARHEID

Hoe raak sy voorspelling was, blyk uit die verslag van die Instituut vir Joodse sake ('n navorsingsorganisasie van die Joodse wêreldkongres) 'n paar weke gelede waarin tot die gevolgtrekking gekom word dat die Jodedom binnekort in Duitsland sal ophou om te bestaan. „Die wat in staat is om Duitsland te verlaat, sal dit doen, en die ander sal uitsterf." Daar word verklaar dat die wette vir die teruggawe van Joodse eiendom baie stadig en teësinnig uitgevoer word, en ongeveer veertig persent van die Jode is afhanklik van liefdadigheid. Volgens die verslag is daar nog 35,000 Jode van wie 20,000 ontworteldes, in Duitsland. Hoeveel daar in die Sowjetdeel van Duitsland is, kan nie vasgestel word nie omdat die Russe weier om ennige opgawe in die verband te verstrek.


So sterk is die gevoel teen die Jode dat daar verlede week selfs 'n brief in 'n Duitse koerant verskyn het waarin die skrywer sy spyt te kenne gee dat al die Jode nie in gaskamers omgekom het nie. 'n Betoging teen die koerant deur 'n groep Jode is ru deur die polisie opgebreek.

## NUWE PARTY OM REPUBLIEK TEEN TE STAAN

'n Nuwe party met die doel om republikanisme te beveg, is verlede week in Pietermaritzburg tot stand gebring. Aanvanklik is berig dat mnr. J. S. Marwick, voorheen van die Dominion Party, die leier en stigter is, maar in 'n latere berig het hy dit ontken dat hy aan die stigting deelgeneem het of lid van die party is.

Die oogmerk van die party is om alle anti-republikeinse organisasies te verenig in 'n party wat genoem sal word die Federasie-party.


SKENK MERINO- en KARAKOELWOL vir DUITSLAND



- Hierdie vrouens en kinders is besig om met wol van Suid-Afrika te brei.
- U wolgeskenk sal nie net kiere en komberse beteken nie, maar ook werk vir duisende arme bannelinge.
- Merinowol is noodsaaklik om Karakoelwol doeltreffend te verwerk.

Merk u wol D A H A en stuur dit na u eie makelaar en stel ons daarvan in kennis.

D A H A — HOOPSTRAAT 105B — KAAPSTAD


„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.